

Getuies vir Jesus

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B125b Eng/Afr.

Skriflesing uit Hand.1:1-14

Kernvers: 8 – ‘maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.’

Julle sal My getuies wees – dis ons opdrag. Nie net met woorde nie maar met ons dae en ons lewe. Jesus het dit moontlik gemaak vir ons d.m.v. die Heilige Gees dat ons vir die wêreld kan sê: kyk na my en kyk na ons en julle sal weet dat daar ‘n lewende en opgestane Here Jesus is.

Mag die Here ons wakker maak dat ons hierdie getuies kan wees ...’n boek wat my so getref het toe ek dit lees nl. ‘How to live like a King’s Kid deur Harold Hill. Hy was ‘n ingenieur toe hy tot bekering gekom het en hy het gesê: ‘I will put to the test all that is written in the Manufacturer’s Handbook.’

So het hy wonderlike getuienisse van wonderwerke wat hy beleef het, omdat hy prakties beoefen het wat in die Skrif staan.

Jesus is geen aannemer van die persoon nie – let net op hoeveel bonatuurlike verskynsels daar voorgekom het in ons gelese gedeelte, en u sal beseef dat ons te doene het met ‘n lewende opgestane Here Jesus.

Hy het alles gedoen om die Woord van die Vader te eer en was gehoorsaam aan Sy Woord en het altyd gesê: sodat die Skrifte vervul moet word, in alles wat Hy gedoen het. Hy was selfs gehoorsaam tot die dood.

Na Sy opstanding het Jesus vir 40 dae Homself deur baie kentekens as lewend vertoon aan die dissipels en het Hy met hulle gepraat oor die Koninkryk. Hy het ook Sy laaste bevele aan hulle gegee en vir hulle die opdrag gegee om Sy getuies te wees.